# LOUISA MEYBURGH: HELDIN VAN DIE STAD

**H.O. Terblanche**
*Universiteit van Port Elizabeth*

Dwarsdeur die geskiedenis was dit meermale die vrou wat haar ontferm het oor die probleme, die nood en ellende van haar medemens. Vanweë haar wese en aard was die vrou nog altyd hoogsgevoelig vir die lyding, ongerief en ontberings wat andere moes verduur. Gebeure en situasies wat spreek van ontreddering, kommer en swaarkry bring dikwels die edele in die vrou na vore. En daarom laat die vrou haar nie deur haglike toestande onderkry nie, maar tree sy na vore om die leiding te neem, te organiseer en te besiel.

Met goeie reg word na Elizabeth Fry verwys as 'n Engel van Barmhartigheid en 'n Ligstraal vir Gevangenes. Nie sonder rede nie word na Florence Nightingale verwys as die Dame met die Lamp en 'n Engel vir die Soldate. Heeltemal tereg staan Emily Hobhouse bekend as 'n Heldin uit die Vreemde en 'n Engel van Vertroosting. Hierdie heldegalery van vroue is onvolledig sonder Louisa Meyburgh, 'n merkwaardige dame na wie reeds verwys is as die goeie Engel van Port Elizabeth en 'n Engel van die Lig. Al vier hierdie vroue het vanweë onselfsugtige naastediens vir hulle 'n plekkie in die geskiedenis verower. En elkeen van hierdie vier was in hulle leeftyd reeds 'n legende.

Want dit wat Elizabeth Fry tydens die Nywerheidsomwenteling vir die Britse gevangenes beteken het, dit wat Florence Nightingale tydens die Krimoorlog vir die Britse soldate beteken het, dit wat Emily Hobhouse tydens die Tweede Vryheidsoorlog vir die Boervroue en -kinders beteken het, dít het Louise Meyburgh tydens die eerste helfte van hierdie eeu vir die Afrikaner in Port Elizabeth beteken. Haar lewe en werk neem in betekenis toe omdat dit saamgeval het met die stadwaartse trek van die Afrikaner. Daarom verdien sy myns insiens die erebenaming: Heldin van die Stad.

Louisa Fredericka Meyburgh [1] is op 8 Augustus 1876 te Graaff-Reinet gebore en op 1 Oktober 1876 deur ds. C. Murray gedoop. Haar ouers, oom Jacobus en tant Susanna Meyburgh, het op die plaas Rooitaaibos in die distrik Cradock geboer. Haar ma was 'n nôi Le Roux. En sy het vir die bevalling na Graaff-Reinet (waar skoonmoeder Le Roux gebly het) gegaan. Louisa, wat op haar vader se verjaarsdag gebore is, was die vierde van nege kinders.

Die jong Louisa het die plaasskool op oom Hans Meyburgh se plaas, Perdekraal, bygewoon. Haar ondewyseres was 'n mev. Rheeder. Louisa het egter baie min skoolopleiding ontvang, omdat haar oë vanweë masels baie swak was. Soms was sy byvoorbeeld genoodsaak om maande lank uit die skool te bly. By geleentheid het die dokter dan ook aan haar vader gevra: wil u liewer 'n geleerde blinde kind hê of een wat nie so geleerd is nie en tog kan sien?[2] Dit was vir die vader 'n troos en ook vir die leergierige dogter, wat soms baie hartseer was omdat sy die skool nie meer gereëld kon bywoon nie.

---

1. In die doopregister van Graaff-Reinet is die spelling van haar van Mijburgh (sien Ring van Graaff-Reinet, Doop en Lidmaten Registers 1875—1879, RA 4/52, pp. 265—266; asook Graaff-Reinet Doop 1876—1894, G6 3/18, pp. 3—4). Mej. Meyburgh self het egter haar van Meyburgh gespel en dít is die spelvorm wat aangetref word in alle skriftelike bronne wat oor haar handel.
2. Mej. L. Meyburgh — Lewensverhaal 1876—1956, P. 49 1/2, p. 1. (Alhoewel die outeur van hierdie manuskrip, getitel: Louisa Meyburgh — Die goeie Engel van Port Elizabeth, nie vermeld word nie, word op goeie gesag aanvaar dat dit mev. F. Hofmeyr was).

Louisa was tien jaar oud toe haar moeder ná die geboorte van die laaste kindjie oorlede is. Die oudste Meyburgh-dogter was sieklik en is kort na die moeder dood. Gevolglik het die hele huishouding op die skouers van die jong Louisa geval. Haar vader is darem ná vyf jaar weer getroud. Maar toe Louisa 'n jong dogter van omtrent sestien was, het die gesin vanweë aanhoudende droogtes na die dorp getrek ten einde 'n heenkome te soek. En die vader wat eers 'n selfstandige boer op sy plaas was, moes nou kontrakwerk doen om sy huisgesin te onderhou.

Haar ouers was besonder vroom en diep godsdienstig en van haar vroegste herinneringe was die ouers se gesang soggens by die huisgodsdiens. Die gesang het die kinders gewek en dan het hulle in hulle nagkleertjies om die tafel gestaan en saamgesing. Die ouers het die kinders van kleins af 'n Christelike opvoeding gegee en die kinders het dan ook sonder uitsondering hul harte aan die Here gegee. Die gesin het dus as 'n hegte eenheid die Here gevrees en gedien. Toe 'n Strewerstak in Cradock gestig is, was die Meyburgh-kinders van die eerste lede.

Die Allerhoogste sou egter vir Louisa Meyburgh deur diepe waters lei ten einde haar te bekwaam om in Sy diens te staan. Haar verloofde doen maagkoors op en sterf en word op hul bestemde troudag begrawe. Hierdie pynlike gebeurtenis wat vir haar 'n geweldige slag was, was 'n waterskeidingsmoment in haar lewe. Dit het haar gesondheid 'n knou toegedien en na 'n langdurige siekbed het sy in 1900, op aanbeveling van haar geneesheer, na Port Elizabeth gekom ten einde haar verlore liggaamskragte te herwin.

Die feit dat mej. Meyburgh om gesondheidsredes genoodsaak was om vir herstel na die kus te kom was vir haar "soos 'n bestiering van die Hoër Hand".[3] Hierdie vakansiebesoek, wat tydelik sou wees, het blywend geword omdat sy haar lewensroeping in Port Elizabeth moes vervul. Min het sy geweet wat hierdie kuiertjie vir haar ingehou het. Onbewus was sy toe van die feit dat daar eendag op haar grafsteen die volgende inskripsie sou wees: "In dankbare herinnering aan haar lewe en toewyding en diens gelewer aan haar God, Kerk en Volk gedurende vyftig jaar, hier in die stad".

Dat 'n Godsmens wat oor soveel innerlike geestelike krag as mej. Meyburgh beskik het in die jaar 1900 na 'n stad soos Port Elizabeth gestuur moes word, was niks anders nie as 'n wonderlike beskikking van God.

"Dit bly steeds merkwaardig dat God in die geboortejare van die Kerk in Port Elizabeth tot so 'n groot hoogte 'n vrou gebruik het. Vandag, ná soveel jare, weet ons dat sy 'n gawe uit die Hand van God was om sy Koninkryk te laat kom in hierdie hawestad in Oos-Kaapland. Meer as enigiemand anders het sy in die donker jare die lig van die Evangelie nie net aan die brand gesteek nie, maar dit brandende gehou".[4]

Oor haar gewaarwordinge nadat sy 'n rukkie in die stad tuis was, het mej. Meyburgh haar soos volg uitgelaat: "Dit het my nie lank geneem om die skrynende behoefte van die Afrikaners op geestelike gebied agter te kom nie. Daar was nie 'n kerkgebou of -saal nie, geen predikant om huisbesoek te doen of siekes te besoek nie, geen openbare dienste of bidure nie, geen Sondagskool vir die kinders nie .... en so kon ek die toestand nie sien aangaan nie. Iets moes gedoen word".[5] En daardie "iets" sou sy in oormaat doen — oor 'n tydperk van meer as vyftig jaar.

---

3. *Die Oosterlig*, 18.2.1938.
4. R. Marais: Louisa Meyburgh — 'n Gawe van God aan P.E. (Die Kerkbode, 16 Julie 1975, p. 94).
5. *Die Oosterlig*, 18.2.1938.

Soos 'n herder sy skape versorg en oppas, so het mej. Meyburgh as 'n jong dame van 24 begin om die Afrikaners in die stad op te soek. Sy vertel: "As ek in die straat verby stap en ek hoor mense in 'n huis Afrikaans praat, dan het ek aan die deur geklop om op hierdie manier met hulle kennis te maak en hul vriendskap te wen. As ek in die straat mense gehoor het wat Afrikaans met mekaar praat, het ek al agter hulle aangeloop totdat hulle by 'n huis ingaan, en dan het ek aangeklop".[6] Want vir haar was dit lewensbelangrik dat geen Afrikanergesin vir kerk en volk verlore gaan nie. Aan hierdie verhewe oogmerk sou sy haar lewe en al haar tyd wy.

Toe mej. Meyburgh in 1900 na die stad gekom het, was Port Elizabeth nog 'n buitewyk van die N.G. gemeente Uitenhage.[7] 'n Eie, selfstandige N.G. gemeente in Port Elizabeth is eers in 1907 gestig. Die kerkraad en leraars van Uitenhage moes dus tot 1907 oor die geestelike belange waak en in die geestelike behoeftes voorsien van die handjievol lidmate te Port Elizabeth. Ds. D.J. Pienaar moes tydens sy lang en vrugbare dienstyd as leraar van Uitenhage (1887—1926) dikwels die afstand van omtrent 32 km tussen Uitenhage en Port Elizabeth aflê om dienste in die hawestad te hou en die lidmate aldaar geestelik te bearbei. Maar vanweë die uitgestrektheid van die gemeente Uitenhage en die gebrekkige vervoermiddels was dit nie altyd vir ds. Pienaar moontlik om die lidmate van Port Elizabeth persoonlik te besoek nie.

Veral in die tydperk voor 1907 was die gevaar groot dat sedelike verval en algehele kerklosheid onder die lidmate te Port Elizabeth kon intree. Die betekenis van mej. Meyburgh se bydrae lê daarin dat sy saam met ds. Pienaar die fondamente van die N.G. Kerk in Port Elizabeth gelê het. Daarom staan ds. Pienaar bekend as die vader van die N.G. gemeente Port Elizabeth (dit is die eerste gemeente wat in Port Elizabeth gestig is — die erenaam Moedergemeente het eers in latere jare bygekom toe daar meer gemeentes in die stad gestig is). En daarom word na mej. Meyburgh verwys as die "Moeder van die N.G. Kerk" in Port Elizabeth en as die "Moeder van Moedergemeente."

Sy was in meer as een opsig die regterhand van ds. Pienaar. Omdat ds. Pienaar die gemeentelede te Port Elizabeth nie so gereeld kon besoek nie, moes mej. Meyburgh in 'n groot mate, met die hulp van 'n diaken of twee, na die geestelike belange en behoeftes van die "gemeente-in-wording" omsien. Geen wonder nie dat sy ook bekend staan as Port elizabeth se eerste Afrikaanse predikant en as Port Elizabeth se vrouepredikant. Met goeie reg kan sy ook bestempel word as die Dame met die Woord, wans sy het daadwerklik die Evangelieboodskap uitgedra. Haar ganse lewe in sy volle omvang het in die teken van dissipelskap gestaan.

Rondom die eeuwending was daar in Port Elizabeth nie net die gevaar van kerkloosheid en afvalligheid nie, want die Afrikaners as 'n eie identifiseerbare kultuurgemeenskap was eweneens aan groot gevare blootgestel soos die verlies van 'n eie identiteit en van volksverwildering. Met die koms van mej. Meyburgh het die paar honderd Afrikaanssprekendes in Port Elizabeth hulle in 'n stad bevind waar die Engelse gees en invloed in alle opsigte en op alle terreine totaal en absoluut oorheersend was. As sodanig was die Afrikanergesinne aan 'n verengelsingsproses blootgestel.

Die Afrikaner in "die stad by die see" was toe (tydens die Tweede Vryheidsoorlog) brandarm, uiters behoeftig, sonder enige invloed en 'n verleë werknemer. Daarby het

---

6. *Die Oosterlig*, 18.2.1938.
7. H.O. Terblanche: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Port Elizabeth — 'n Historiese Oorsig van die Eerste Halfeeu, 1907—1957 (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UPE, 1973), pp. 14—31.

hy hom in 'n vreemde omgewing bevind, waar hy boonop soos 'n vreemdeling behandel is. Hy kon toe met niks spog nie — nie eens met getalle nie, want teen 1904 was slegs 3,9% van Port Elizabeth se Blanke inwonertal Afrikaanssprekend.[8] Mej. Meyburgh het haar oor haar volksgenote ontferm toe hulle in die grootste nood verkeer het en toe hulp die nodigste was. Haar betekenis lê daarin dat sy die Arikaner bygestaan het toe hy op sy kwesbaarste was. Sy het gekom in die uur van die stadsafrikaner se absolute weerloosheid. En in hierdie sin was sy "'n Gawe van God" aan Port Elizabeth.

Vir mej. Meyburgh was dit 'n geweldige ontnugtering toe sy op navraag verneem het dat hier vir die Afrikanerkinders geen Sondagskoolbyeenkomste gehou word nie. Die gevolg was dat sy reeds gedurende die jaar 1900 in 'n huisie in Hutchinsonstraat, Noordeinde, met 'n Sondagskoolklas begin het. Hier is ook 'n biduurkring begin. Mej. Meyburgh het dit "'n diensie vir volwassenes" genoem. Haar eerste Sondagskoolklas het uit tien kinders bestaan, terwyl twaalf volwassenes die eerste biduurbyeenkoms in hierdie huisie bygewoon het.[9] Die volgende Sondag was daar weer dieselfde getal grootmense in die biduur, terwyl die Sondagskoolkinders verdubbel het. Mej. Meyburgh het elke Sondagoggend 'n kerkdiens gehou (tydens die biduurbyeenkoms) en Sondagmiddae het sy weer Sondagskool gehou.

Gedurende die week het sy Afrikaanssprekende volwassenes en kinders wat sy raakgeloop het, na haar biduurdiens en Sondagskoolklas uitgenooi. Die gevolg was dat die Sondagskoolklas se getalle sodanig aangegroei het dat die ruimte in die huisie weldra te beperk geword het. Sy was verplig om 'n groter vertrek te soek. 'n Groter huis in Crawfordstraat, Noordeinde, is toe vir Sondagskooldoeleindes verkry. Mej. Meyburgh het hieroor die volgende meegedeel: "Ek het 'n groot eetkamer by 'n vrou gehuur om elke Sondagmiddag vir die Sondagskoolklas te gebruik. In die oggend het ek dan die diens gehou aan die ou woning, en in die middag moes ek die eetkamer gereed maak met genoeg sitplekke vir die kinders in die gehuurde kamer. Nog het die getalle aangegroei, en ek was verplig om elke Sondagmiddag 'n hele omkeer in die eetkamer teweeg te bring deur rye planke op kissies te plaas ten einde genoeg sitplek te maak".[10] Ook hier het dit só vol geword dat sy teenaan die muur moes staan ter wille van meer ruimte.

So het die veld wat sy bearbei het, al meer uitgebrei. Tog het alles nie altyd voor die wind gegaan nie. Daar het ook terugslae en teleurstelling gekom wat haar geloof getoets het. So het dit een Sondagmiddag gebeur dat die vrou by wie sy die groot eetkamer gehuur het, die huis toegesluit het. Die mense was weg. Hulle het klaarblyklik moeg geword vir die Sondagskoolklas wat steeds groter geword het en vir die rye planke op kissies in die gehuurde kamer. Daar staan sy toe met die skaar kinders op straat. Sy het die kinders toe bemoedig en hulle belowe dat hulle die volgende Sondag 'n groter en beter bymekaarkomplek sou hê. Nadat hulle saam gesing en gebid het, is hulle uiteen.

Mej. Meyburgh het dit 'n saak van gebed gemaak en dit het derhalwe vir haar duidelik geword dat sy moes aansoek doen om die saal van die St. Paul's-Susters in Crawfordstraat te huur. Die saal waarna hier verwys word, is die saal van die St.

8. H.O. Terblanche: Die Trek van die Afrikaner na Port Elizabeth (Historia, September 1977, p. 92).
9. Mej. L. Meyburgh — Lewensverhaal 1876—1956, P. 49 1/2, p. 5.
10. *Die Oosterlig*, 18.2.1938.

Mark's-Sendingskool.[11] Sy moes hierdie saal van die St. Paul's Susters huur, omdat die St. Mark's-Sendingskool in daardie stadium onder die beheer van die St. Paul's Anglikaanse Kerk was.

Die hele week het egter verbygegaan sonder dat sy iets van die St. Paul's-Susters gehoor het. Daar was geen taal of tyding nie — en sy het die kinders belowe. Haar gebede word verhoor en hieroor vertel sy soos volg: "Na die diens, wat ek nog elke Sondagoggend gehou het, het ek na my suster se woning (waar sy toe tuis was) teruggekeer met die gebed in my hart dat daar nog op die laaste oomblik 'n wonderwerk moet gebeur. En waarlik, daar lê 'n brief vir my en wag wat deur 'n seuntjie daar afgegee was — 'n antwoord van die Susters, wat my versoek om die saal elke Sondag te gebruik, toestaan!" [12] Die saal is haar aangebied teen 5/- per uur.

Toe sy hierdie goeie nuus aan die kinderskaar meedeel, was hulle saam met haar bly dat die Here uitkoms gegee het en die kinders het spontaan handegeklap. "Hulle (sy en die kinders) het toe na die saal gemarsjeer vir die eerste Sondagskoolbyeenkoms aldaar. Langs die pad merk een van die bekendes op: 'Dit lyk soos 'n hen met kuikens'. En waarlik dit was so — sy het hulle soos 'n geestelike moeder onder haar beskerming geneem".[13] In hierdie saaltjie het sy spoedig meer as honderd kinders in haar Sondagskool gehad, terwyl 'n paar van die groter kinders hulle op Uitenhage vir aanneming voorberei het.[14]

Ds. J. Rabie is in Julie 1899 as hulpleraar van Uitenhage georden en vir 'n tydperk van nagenoeg vier jaar (1899—1903) was hy medeverantwoordelik vir die geestelike belange en religieuse behoeftes van die kerklidmate te Port Elizabeth. By geleentheid het mej. Meyburgh hom op Uitenhage besoek waar hy sy groot waardering teenoor haar betuig het vir die werk wat sy in Port Elizabeth doen. Sy het hom toe meegedeel dat sy graag 'n tak van die Strewersvereniging wil stig. Hy sou na Port Elizabeth kom om daarmee behulpsaam te wees. En vir dié geleentheid het 'n groot aantal mense die aand by die huis van mev. Henegan byeengekom.[15] Die doel van die Strewersvereniging is aan die aanwesiges verduidelik. Maar toe tot die stigting oorgegaan moes word, het niemand die moed gehad om aan te sluit nie. Op voorstel van mej. Meyburgh is toe oorgegaan tot die stigting van 'n gemeentebiduur wat weekliks gehou sou word.

Die eerste Afrikaanse kerkdienste in Port Elizabeth (met uitsluiting van die dienste wat in woonhuise gehou is), is in die reeds vermelde St. Mark's-saal gehou.[16] Mej. Meyburgh het in haar eenvoud elke Sondagoggend die eredienste gelei. Benewens die feit dat sy die rol van prediker moes vervul, het sy in hierdie saaltjie ook nog

---

11. Van die drie kerkgeboue en -sale waarin Afrikaanse kerkdienste voor 1907 in Port Elizabeth gehou is, is hierdie geskiedkundige Engelse skoolsaaltjie die enigste een wat tans nog staan. Vandag huisves dié geboutjie die firma Swoporama by Crawfordstraat 28, Noordeinde.
12. *Die Oosterlig*, 18.2.1938.
13. Mej. L. Meyburgh — Lewensverhaal 1876—1956, P. 49 1/2, p. 7.
14. Moedergemeente Port Elizabeth, Halfeeufees — Gedenkboek, 1907—1957, p. 10.
15. Destyds toe Port Elizabeth nog 'n buitewyk van die gemeente Uitenhage was, was die huis van mev. Henegan wat oorkant die ou Noordeinde-gevangenis geleë was, een van die geestelike brandpunte wat die lidmate saamgetrek het. Soms is Sondagskoolklasse in die huis gehou en partykeer het ds. Pienaar ook dienste daar gelei. Die eerste kerkkoor het ook daar ontstaan.
16. Hierdie gegewens weerlê dus 'n vroeër aanvaarde bewering, naamlik dat die eerste Afrikaanse kerkdienste in Port Elizabeth in die St. Columba's-saal in Crawfordstraat gehou is. Die St. Columba's Presbiteriaanse Kerk in Noordeinde dateer bowendien eers uit die jaar 1907. Die hoeksteen daarvan is in Mei 1906 gelê. Kyk The Port Elizabeth Year Book and Directory for 1907, p. 145).

Sondagskool gehou. Haar weeklikse biduur is eweneens daar voortgesit. Hierdie saaltjie het tussen die jare 1901 en 1903 as middelpunt van die Afrikaanse kerklike bedrywighede in Port Elizabeth gedien.

Omdat mej. Meyburgh met 'n selfopgelegde taak besig was, het sy aanvanklik geen besoldiging vir haar dienste ontvang nie. Sonder enige vergoeding moes sy dus self instaan vir uitgawes verbonde aan haar geestelike werk, soos die huur van geboue. Die huurgeld van die St.Mark's-saal wat 5/- per uur bedra het, het sy self betaal deur naaldwerk te doen. Vir haar moes dit 'n veeleisende taak en 'n swaar las op haar skouers gewees het. Omdat sy bedags huisbesoek gedoen het, was sy genoodsaak om tot laat in die nag met haar naaimasjien te werk. Sy het dan 'n uur of wat geslaap, voordat sy maar weer begin het om haar "gemeente" te bearbei.

Sy het ter wille van die saak van die Here tot in die vroeë oggendure naaldwerk gedoen om geld mee te verdien, en dit ten spyte van die feit dat haar oë baie swak was en sy baie las daarvan gehad het. Haar werk was besonder netjies en sy het spoedig bekend gestaan as 'n bekwame modemaakster. Die bruidjies het dan ook vir die bruidsrok hul toevlug tot haar geneem.

Terwyl Port Elizabeth nog 'n buitewyk van Uitenhage was, het verskeie Stellenbosse kweekskoolstudente, waaronder ene Hofmeyr, Murray Jooste, H.A. Hanekom en R.J.B. Feenstra, gehelp met die bearbeiding van die lidmate te Port Elizabeth. Dié hulp het tydens hul lang vakansie (November tot Januarie) geskied. En op 7 Desember 1903 het mej. Meyburgh, in samewerking met kweekskoolstudent Murray Jooste, die eerste tak van die Strewersvereniging gestig. Die saadjie wat die aand in mev. Henegan se huis gesaai is, het dus nie op barre aarde geval nie. Vir mej. Meyburgh was die stigting van die Strewers nog 'n mylpaal.

Twee jaar later, op 8 Oktober 1905, het sy ook 'n tak van die Kinderkrans gestig en baie gou het die getal lede tot bykans 200 geklim.[17] Dit was een van die geseëndste werkkringe in die gemeente. Die kinders wou graag lede wees en was baie getrou. Vir mej. Meyburgh was die stigtingsdag een van die mees uitstaande dae in haar lewe. Dit het vir haar soos 'n Hemelse ondervinding gevoel. Toe mnr. David Hay, L.P.R., een van mej. Meyburgh se gewese Kinderkranslede, met haar "uittrede" in 1940 aan haar hulde gebring het, het hy vertel hoe sy die kinders deur haar liefdevolle optrede en toegewydheid gewen en inspireer het.[18]

Teen ongeveer 1904 het die getal lidmate al so aangegroei dat die Morawiese Sendingkerkgebou in Sebastianstraat (tussen Crawfordstraat en Mountweg) in gebruik geneem moes word.[19] Die sendeling by wie die nodige verlof verkry moes word, was eerw. C.S. Günther. Die hou van dienste in hierdie Kleurlingkerk (wat onder meer ook deur mej. Meyburg gelei is) het heelwat probleme en onaangenaamhede opgelewer. Eredienste is Sondagoggende gehou en Sondagskoolbyeenkomste in die middag. Probleme het ingetree deurdat die Kleurlinge soggens en smidae buite moes wat totdat die Blankes hul erediens- en Sondagskoolbyeenkomste afgesluit het. Saans moes die Blankes weer wag totdat die Kleurlinge met hul diens klaar was. Geen wonder nie dat hierdie toestand gaandeweg ondraaglik geword het.

---

17. Mej. L. Meyburgh — Lewensverhaal 1876—1956, P. 49 1/2, p. 9(a).
18. *Die Oosterlig*, 5.2.1940.
19. Vroeër is verkeerdelik aanvaar dat hierdie kerkgebou in Mountweg geleë was. Die sendeling se woning was wel in Mountweg, maar die kerkgebou was beslis in Sebastianstraat, digby Mountweg. Kyk The Port Elizabeth Year Book and Directory for 1903, p. 286).

'n Verandering moes dus weer eens gemaak word wat 'n geskikte en doelmatige vergaderlokaal betref. Gelukkig het ds. Pienaar in Julie 1905 daarin geslaag om die Boltonstaal in Robertstraat vir 'n tydperk van een jaar te huur. Die huurtydperk is later verleng en die saal is vir alle dienste tot aan die einde van 1909 (toe die gemeente se eie kerkgebou ingewy is) gebruik. Die vergaderplek was algemeen as "de Zaal te North End" bekend,[20] en was die onderste gedeelte van 'n winkel wat van die heer D.J.P. Bolton gehuur is. Eintlik was die nuwe vergaderlokaal 'n ou pakhuis — 'n sinkstoor — wat in 'n kerksaal omgeskep is. Ds. Pienaar het ook periodiek van Uitenhage oorgekom om dienste in hierdie saal waar te neem. By sulke geleenthede is kindertjies gedoop.

Mej. Meyburgh het die eerste paar jaar feitlik op haar eie gewerk en daarom het sy aanvanklik geen vergoeding uit die kerkkas ontvang nie — altans tot 1905. Op 'n kerkraadsvegadering van Uitenhage, gehou op 10 Julie 1905, het mnr. J.G. Fourie[21] nadruk gelê op "de noodzakelykheid om zending werk te Port Elizabeth te doen". Hy gee toe die wenk aan die hand dat dit goed sou wees om aan die jongejuf. L. Meyburgh "ondersteuning te geven, zoodat ze vryer kan zyn om onder onze menschen te werken". 'n Voorstel word toe aanvaar "dat men de jongejuf. L. Meyburgh 10/- voor huur van haar kamer en £1 ter ondersteuning per maand zal geven".[22]

Mej. Meyburgh het haar geringe toelaag van £1.10.0 per maand net tot 1909 ontvang, want in Julie 1909 het die gemeente Port Elizabeth sy eerste leraar (ds. G.W.S. Hofmeyr) in sy midde verwelkom.. Omdat die jong gemeente uitermate behoeftig was en uit die aard van die saak nou die leraar se salaris moes betaal, het die kerkraad op 24 Julie 1909 besluit dat hulle haar nie langer vir haar werk kon betaal nie, en dat sy in dié verband kennis sou ontvang. Hulle sou haar darem tot die einde van Augustus 1909 betaal.

Die kerkraad het hierdie besluit twee jaar later herroep, want op 11 September 1911 het die kerkraad eenparig besluit om weer finansiële hulp aan haar te verleen. Sy sou maandeliks die bedrag van £2.10.0 uit die kerkkas ontvang. Dié besluit is geneem "onder't bewustzijn van wat men aan haar verschuldigd is".[23] Sy het haar dankbaarheid teenoor die kerkraad vir die aangebode hulp uitgespreek, maar het dit nogtans van die hand gewys aangesien haar gesondheid haar weer toegelaat het om te werk en self in haar lewensbehoeftes te voorsien.

Op 'n kerkraadsvergadering van 29 Julie 1912 het ds. Hofmeyr sy waardering uitgespreek vir die dienste gelewer deur mej. Meyburg. Die kwessie van geldelike bystand aan haar het toe weer ter sprake gekom. Dit blyk toe dat daar uit die gemeente en kerkraad teenstand was teen die idee van vergoeding aan mej. Meyburgh, aangesien daar ook andere sou wees wat in aanmerking geneem behoort te word. Die bedoeling was egter nie om haar bydrae te misken nie. Ds. Hofmeyr het hom toe bereid verklaar om persoonlik £1.10 per maand by te dra sodat hulle haar dienste kon behou. Die gevoel van die vergadering was dat die kerkraad haar verder sou

---

20. Acta van al de Ringen (1907—1908), R9/22.
21. In hierdie jare voordat tot afstigting oorgegaan is, was die diakens vir die wyk Port Elizabeth die broeders J.G. Fourie en C. du Preez. Ook húlle was baanbrekers en steunpilare in hierdie wordingsjare van die N.G. Kerk in Port Elizabeth. Hulle het mej. Meyburgh aktief bygestaan wat die geestelike bearbeiding van die lidmate betref en het ook dienste gehou.
22. Uitenhage-Notule (1893—1909), G 10 1/4.
23. Port Elizabeth-Notule (1907—1925), G 85 1/1.

help. Gevolglik is besluit om "haar £1.10 per maand uit de kerkekas te geven als helpster in de gemeente".[24]

In die jare voordat 'n eie gemeente in Port Elizabeth gestig is, was daar omtrent niks wat mej. Meyburgh nie gedoen het nie. Vir haar verarmde en minderbevoorregte geloofs- en volksgenote was sy predikant, raadgeefster, magistraat, geneesheer, verpleegster en sieketrooster. Sy het selfs begrafnisse gelei. Mej. Meyburgh het, voordat daar 'n eie leraar was, vir 'n hele paar kindertjies die begrafnisplegtigheid waargeneem. Dit was die dae dat van die mense so uiters behoeftig was dat daar nie geld vir 'n lykswa was nie. En meermale het 'n vader self die kissie van sy kind na die graf gedra.

Sy was ook een van die persone wat haar die meeste vir die stigting van 'n eie gemeente beywer het. Die N.G. gemeente Port Elizabeth is op 20 November 1907 gestig. Vir mej. Meyburgh was dit die verwesenliking van 'n ideaal waarvoor sy hard gewerk en baie opgeoffer het. Die eerste leraar, ds. G.W.S. Hofmeyr, is op 14 Julie 1909 in die gemeente verwelkom. Mej. Meyburgh het saam met 'n groepie lidmate na Swartkops gegaan om hom daar te ontmoet. Tussen haar en ds. Hofmeyr was daar die hartlikste samewerking. Die nuwe kerkgebou is op 30 Desember 1909 ingewy. Vir mej. Meyburgh was dit 'n dag van groot vreugde.

Die feit dat daar nou 'n eie gemeente met 'n eie leraar en kerkraad en eie kerkgebou in Port Elizabeth was, het nie beteken dat mej. Meyburgh se taak volbring of haar verpligtinge afgehandel was nie. Vir haar was dit die einde van 'n era en die begin van 'n nuwe. Weliswaar was 'n besondere tydvak agter die rug. Maar voor haar het uitgestrek gelê 'n nuwe tydvak, met nuwe uitdagings en groter eise. Haar groot werk het nog vir haar gewag en haar groot bydrae moes nog gelewer word — dit sou saamval met die stadwaartse trek van die Afrikaner. Die voortdurende instroming van verarmde Afrikanergesinne na Port Elizabeth sou haar die geleentheid bied om haar God, Kerk en volk met oorgawe te dien. En háár bydrae van monumentale omvang sou van haar 'n legendariese figuur maak.

Gelukkig vir die nageslag het vyf van mej. Meyburgh se dagboeke bewaar gebly. Dit dek die tydperk 1924 tot 1938.[25] Hierdie dagboeke is van onskatbare waarde, want daarin beleef 'n mens die stadwaartse trek van die Afrikaner met die gepaardgaande ontwortelende invloed vanuit die oë van iemand wat intens en baie nou daarmee saamgeleef het en daarmee gemoeid was. Maar dit is ook van groot betekenis omdat dit 'n kykie gee in die mens Louisa Meyburgh, die volheid van haar lewe en die omvang van haar werk.

Wat was die grondliggende krag, die rigtinggewende faktor in haar lewe? Sy het haar Heer en Heiland bo alles liefgehad. Hom het sy geëer en gevrees. Hom het sy gedien en vir Hom het sy gelewe. Daarom was sy dag en nag met Sy werk besig en was sy elke dag, van soggens vroeg tot saans laat, "onafgebroke besig" (soos sy dit gestel het) in die diens van haar Heer en Meester. Van haar getuig ds. F.W. Liebenberg, derde leraar van die Moedergemeente: "'n Meer toegewyde kind van die

24. Port Elizabeth-Notule (1907—1925), G 85 1/1.
25. Mej. L. Meyburgh — Dagboek: 19 Junie 1924 — 27 Mei 1925, p. 49 1/1 (a); 17 Junie 1925 — 16 Mei 1926, p. 49 1/1 (b); 31 Mei 1926 — 19 Julie 1927, p. 49 1/1 (c); 23 November 1928 — 25 Oktober 1930, p. 49 1/1 (d); 1 Januarie 1937 — 19 Mei 1938, p. 49 1/1 (e). (In N.G. Kerkargief, Kaapstad).

Here ... het ek in my lewe nie ontmoet nie".[26] En met goeie rede word sy genoem "... 'n reus onder die arbeiders van die Here".[27]

Haar vrome versugting en innige gebed was dan ook: "Heer, laat my liggie tog elke dag helder brand deur woord en daad; laat die wêreld sien watter Heer ek dien, en Hom ook ken en eer".[28] In een van haar dagboeke het sy op 'n los stukkie papier die volgende gedagte neergestip: "Die mens wie se lewe volkome oorgegee is aan die volmaakte wil van die Here, so 'n mens se lewe is — 'n lewe van diensbaarheid en gehoorsaamheid". In hierdie paar woorde het mej. Meyburgh haar eie lewe raak opgesom. 'n Geskiedskrywer kan haar oorwinnende lewe van liefdevolle toewyding en selflose naastediens kwalik beter beskryf.

'n Tweede fundamentele faktor in haar lewe was liefde vir haar Kerk. Sy het vir haar Kerk gelewe in die volste sin van die woord. 'n Derde kragtige dryfveer, wat voortvloei uit die feit dat sy 'n Godsmens was, was liefde vir haar medemens en die dwingende begeerte om naastediens te verrig. Haar hele lewe in sy volle omvang het dus gewentel rondom haar liefde vir en diens aan haar God, Kerk en volk.

Die volgende Nederlandse gediggie, getitel "Een Goede Dag", is in een van haar dagboeke geplak. Dit tipeer haar lewenshouding en som haar lewe van diensbetoon op:

"Strooi vandaag een enk'le bloem
Op uws naastens pad;
Strijk hem, van't bezorgd gelaat,
Enk'le rimpels glad.
Lenig smart en droog een traan;
Breng een enk'le zegen aan;
Laat een woord van vriendschap hooren —
En uw dag is niet verloren".

'n Ander versie waarvolgens sy haar lewe ingerig het, lui (vry vertaal) soos volg:

Om aan andere sonskyn te bring, is die beste en ook enigste manier om self van die sonlig te geniet.
Aan my word slegs gegee om die saad te strooi, straks kom 'n ander wat die oes sal voltooi.
Een dag ledigheid is net so afmattend as een nag sonder slaap. Beide doen meer kwaad as goed.

Toe daar in 1973 'n kranslegging by die graf van mej. Meyburgh plaasgevind het, het *Die Oosterlig* in 'n hoofartikel haar nagedagtenis onder meer soos volg gehuldig: "Kyk 'n mens na wat sy alles gedoen het, dan was haar diens tot die uiterste van menslike perke toegewy aan God en medemens ..... Toe sy in 1956 in die ouderdom van 79 heengegaan het, het in die stad 'n monument tot haar nagedagtenis gestaan soos vir min ander mense op die geestelike en armsorgakker".[29]

26. Moedergemeente Port Elizabeth, Halfeeufees — Gedenkboek, 1907—1957, p.
27. N.G. Moedergemeente Port Elizabeth, Maandbrief, Maart 1956.
28. Mej. L. Meyburgh — Dagboek, 23 Oktober 1937, P. 49 1/1 (e).
29. *Die Oosterlig*, 3.8.1973.